



MONTAGU

LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL

LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

19 Oktober 2020

Beste Ouers

OB 27/K3-2020: Algemene ouerbrief

Die laaste week van die kwartaal het aangebreek, maar dit is voorwaar 'n besige week.

Ek herinner u aan die **Beheerliggaam Tussenverkiesing**, wat op 22 Oktober om 18h30 gehou word. U het reeds kennis hiervan ontvang in OB 23/K3 op 2 Oktober. Lees gerus weer die skrywe, indien u nie seker is van die maatreëls wat gehandhaaf moet word nie. Alle COVID-19 veiligheidsmaatreëls sal gevolg word.

Soos u ook reeds weet, is mnr. Werner van der Merwe intussen deur die beheerliggaam gekoöpteer vir die portefeulje Veiligheid en Infrastruktuur. Volgens wetgewing, moet die beheerliggaam egter 'n tussenverkiesing hou om die portefeulje op 'n permanente basis te vul – vandaar die tussenverkiesing. Vooraf nominasievorms is beskikbaar by die administratiewe kantoor en hierdie nominasies moet teen 12h30, op Woensdag 21 Oktober, by die kantoor ingehandig word. Dit word in 'n verseëelde nominasiehouer geplaas, wat op die 22^e aan mnr. Pekeur oorhandig sal word. Mnr. Pekeur is die verkiesingsbeampte en is die skoolhoof van Ashbury Primêre skool.

Rapporte:

- Groep A is hierdie week by die skool en sal hul rapporte Vrydag ontvang. Rapporte word uitgedeel vanaf 10h15 – 10h30.
- Rapporte sal ook uitgedeel word tydens registrasie vir die Beheerliggaam Tussenverkiesing, veral met die oog op leerders in groep B wat nie by die skool is nie. Groep A se rapporte sal ook beskikbaar wees.
- Almal in groep B wat nie Donderdagaand hul rapporte kan afhaal nie, sowel as leerders in groep A wat afwesig is, se rapporte sal Vrydag vanaf **10h15 – 10h45** by die sydeur van die saal beskikbaar wees.
- U sal opmerk dat daar by kwartaal 2 'n "a" by elke vak is. Die rede daarvoor is dat die punte van kwartaal 2 nie in aanmerking gebring word vir die jaarpunt nie. Hierdie is in ooreenstemming met WKOD direkiewe vir 2020 COVID-19 aanpassings. By die grondslagfase is daar ook 'n "a" by Lewensvaardigheid vir kwartaal 2 en 3, dit sal ook by kwartaal 4 verskyn. Hierdie vak word nie geassesseer vir genoemde kwartale nie.

The Hills 2020 vind eerskomende naweek plaas. Ons is baie opgewonde daarvoor en kry ongelooflike steun van verskillende borge af. Hul name sal ook gesirkuleer word. Alhoewel ons beperk word deur COVID-19 veiligheidsmaatreëls, gaan ons dit nakom, maar beslis nie toelaat dat die dag bederf word nie. Kom neem gerus deel, al is dit ook net vir die *Colour Run*. Ek bedank almal wat so hard aan die werk is – kyk gerus op die skool se Facebookblad wat alles gebeur.

Akademie: U is reeds bewus daarvan dat die leerders aan die einde van die jaar 'n finale toetsreeks skryf en nie 'n volle eksamen nie. Die finale punte vir die jaar sal bestaan uit die punte van kwartaal 1, 3 en 4.

Die WKOD het deurgegee dat hulle 'n datum sal bepaal waarop die toetsreeks mag begin. Ongelukkig het ons nog nie so 'n datum ontvang nie, maar sodra ons dit het, sal ons die toetsrooster finaliseer.

Die skool heropen op 2 November vir die 4^e kwartaal, vir **groep B. Gr. 7-leerders** kom almal terug skool toe as 1 groep, hul klasse is groter en ons kan almal akkommodeer. Die gr. 1 - 6 klasse is te klein vir al die leerders in die klas en sosiale afstand kan dan nie toegepas word nie.

Leerders dra weer skooldrag vir die vierde kwartaal. Op Dinsdae en Donderdae mag leerders met skool sportdrag skool toe kom. Leerders mag kaalvoet loop.

Ek wens verder vir me. Eileen Olivier sterkte toe. Sy het siekverlof weens 'n operasie wat sy moet ondergaan. Ons glo en vertrou sy gaan weer kort na die vakansie terug wees op haar pos.

Indien u die paar dae saam met u kind kan wegbreek, geniet elke oomblik daarvan.

Vriendelike groete



Jan Krüger
Skoolhoof



The Hills 2020

Cycling - Running - & Fun

MTB Events:	Trail Runs
Start Times	Start times:
65km - 07:15	16km - 07:00
48km - 07:30	8km - 07:25
25km - 07:45	Colour Run:
12km - 08:00	4km - 11:00



Geborg deur:



SPAR
MONTAGU

VOIG ONS OP
f sparmontagu

023 614 2080